

Inhoud Ouers wie aan Christus behoort is self belofte-kinders, erfgename, en hulle kinders behoort ook aan Jesus Christus en word só vry gebore net soos Isak. Vry om binne God se liefde te leef sonder enige skuld vir enige sonde. Christus se een offer het hulle vir altyd van enige sonde-skuld vir die res van hulle lewe losgekoop.(1:4) Belofte-ouers mag hul kinders as vrygeborenes laat doop. Hulle kinders erf wat hul ouers ook geërf het. Watter ouers mag nie hulle kinders ten doop bring nie? Slawe-ouers mag nie hul kinders ten doop bring nie, want hulle is slawe kinders.

Skriflesing Galasiërs 3: 17,18, 26 – 29; 4: 3 – 7, 21 – 31.

Teks Galasiërs 4: 28 “En julle, broers, is net soos Isak kinders van die belofte.”

Tema Belofte-ouers se kinders is belofte kinders.

1. Watter ouers ma hulle kinders ten doop bring?

Ouers wat self kinders is van die vrou wat vry is en nie kinders van die slavin is nie. Ouers wat vry is mag hulle kinders as erfgename van Christus doop. Só mag Benhardt en Marina vanoggend hulle dogtertjie, Amelia, ten doop bring. Sy is 'n belofte-kind van vry ouers.

Die verskil tussen ouers wat vry is en wat slawe is is die verskil tussen twee ma's met twee seuns: Sara, Abraham se vrou en hulle seun Isak, en Hager, Abraham se slavin en haar seun Ismael. Ismael is 'n slavin se kind en Isak is 'n kind van vry ouers. Vry om hul eie lewe, met hulle eie besittings, hul eie tuiste, hul eie inkomste en eie doelwitte te leef.

Die verskil tussen die twee kinders is nie hulle persoonlikhede, hul opvoeding of hulle prestasies nie. Die verskil is dat hulle aan twee verskillende verbonde met God ingesluit is.

Die een verbond is die verbond van God met Israel by die berg Sinai waar God vir hulle die Tien Gebooie gegee het. Die ander verbond is die verbond met Abraham waarin God onderneem om hulle God te wees en te sorg dat hulle sy volk is, vir hulle 'n nuwe kinder-hart te gee, hul ou slawe-hart te verwyder en deur sy liefde só te vervul dat hulle hom al kan liefhet. (Esegiël 36: 24 - , Gal. 3: 1 – 5, 4: 6,7)

Ismael se ma Hager verteenwoordig die Sinai-verbond en is daarom as seun in hierdie verbond as slaaf gebore. Isak se ma Sara verteenwoordig die Abrahams-belofte en hy is in hierdie verbond as 'n vry belofte-kind gebore.

Belofte-ouers se kinders is belofte kinders

2. Paulus verwys na die Sinai-verbond in Gal. 3: 12 só: “Die mens wat hierdie dinge doen sal hierdeur leef.” Hierdie is ’n direkte verwysing na Deuteronomium 28. Verse 1 en 15 stel dat as jy aandagtig luister na God en sy gebooie nougeset nakom, sal God jou seën, maar as jy nie na god luister en sy gebooie nougeset nakom nie, sal god jou vervloek.

Dit is hoe hierdie verbond met God werk: as jy nougeset die wet onderhou en alles daarin onderhou, seën God jou en as jy dit nie nougeset doen nie, vervloek God jou.

Die Abrahamsverbond werk heeltemal anders. In hierdie verbond seën God jou altyd, of jy die gebooie kan onderhou of nie en vervloek God jou nooit weer vir enige sonde nie omdat Christus vir jou jou vervloeking vir jou sondes aan die kruis was: “Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek ’n vervloeking geword het” (Gal. 3: 13) en “Die doel was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus, na die nasies sou gaan, en dat ons die Gees wat belof is (Eseg. 36: 24 -) deur die geloof sou ontvang. (Gal. 3: 14)

Ismael is ’n kind van die Sinai-verbond – gebore as slawe-kind. Isak is ’n kind van die Abrahamsbelofte – gebore as ’n vry belofte-kind.

Die verskil tussen ’n slawe-kind en ’n belofte-kind gaan oor testament en erfenis! Slawe-kinders mag nie erf nie en erf niks nie. Vry gebore kinders erf alles net omdat hulle vry gebore en belofte-kinders. (Gal. 3:18) Die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die belofte-kind erf nie Kinders van die vry vrou erf. Kinders van die slavin erf niks. (Gal. 4: 30)

3. Wie is die kinders van die vry vrou, Sara, en kinders van die Abrahamsverbond en wie is kinders van Hager en die verbond van Sinai?

Dit is die dramatiese en aangrypende openbaring wat Paulus hier aankondig: die Jode is die kinders van Hager en Christene is kinders van Sara! Die Jode is dus Ismaeliete en die Christene is Israeliete Die Jode is slawe en hul kinders is slawe en die Christene en hul kinders is vrygeborenes.

Want die Jode is gebind aan die aardse tempel in Jerusalem, tot vandag toe nog, maar Christene is ingesluit by die hemelse Jerusalem. Die verskil tussen hierdie twee tempels gaan oor die offers. In die aardse tempels bring mense deur tussengangers (Gal. 3: 19,20) offers vir hulle sondes, terwyl in die hemelse tempel is Jesus Christus wat die enigste offer vir sondes was sodat daar in die hemel by God nou geen offers meer vir sondes nodig is nie. Christus het Homself gegee om die volkome offer te wees wat Christene vir altyd volkome van sondes vrymaak. /(Gal. 1: 4) Deur sy offer maak Jesus Christus gelowiges en hul kinders deel van die Abrahamsverbond: “En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en, ooreenkomstig die belofte, erfgename.” (Gal. 3: 29)

Belofte-ouers se kinders is belofte kinders

Daarom stel Paulus aan die gelowiges: “Julle, broers, is net soos Isak, kinders van die belofte.” (Gal. 4: 31) Isak, vry gebore omdat sy ouers vry mense binne God se belofte is! Kinders van vry gebore ouers ontvang die seën van die Heilige Gees as erfenis. Christus het met sy eenmalige offer aan die kruis gelowiges en hul kinders erfgename van God se belofte gemaak: “sodat Hy dié onder die wet kan loskoop sodat ons as sy kinders aangeneem kon word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader! Jy is dus nie meer slaaf nie maar seun.” (Gal. 4: 5 – 7) Ons en ons kinders is God se Israel. (Gal. 6: 16) Die slawe-kinders soos Ismael.

Kinders erf alles. Slawe erf niks!

4. Watter ouers mag hulle kinders ten doop bring?

Ouers wie se kinders net soos Abraham en Sara se seun Isak, 'n belofte-kind is wat alles erf. Paulus gebruik die uitdrukking “kinders van die belofte” in 'n dubbele betekenis: Isak was deur God aan Abraham en Sara wat kinderloos was beloof én Isak was volgens die onderneming van God aan Abraham deel van God se belofte dat Hy vir hulle God sal wees en hulle sy volk sal wees. (Gen. 12: 1 – 3, 17: 7,8)

Isak was as onverwekte kind al reeds deel van die seën van God dat hy 'n vrygebore kind van God sal wees – vry binne die liefde van God. Hy het hierdie posisie ontvang as erfenis: 'n beloofde kind wat deel van God se verbondstrou is. Belofte-ouers se kinders is belofte-kinders net soos Isak. Hulle is ingesluit in Jesus Christus en só erf hulle die gawe van die Heilige Gees: “En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep Abba, Vader! Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is is jy ook erfgenaam deur God.” (4:6)

Die doop is teken dat ons kinders aan Christus behoort as vry gebore kinders. Hulle is ingesluit in alles wie Hy is en vir ons doen, en só is hulle erfgename van die Heilige Gees as gawe: “En as julle aan Christus behoort, dan is julle nageslag van Abraham en, ooreenkomstig die belofte, erfgename.” (Gal. 3: 29)

Ouers wie aan Christus behoort is self belofte-kinders, erfgename, en hulle kinders behoort ook aan Jesus Christus en word só vry gebore net soos Isak. Vry om binne God se liefde te leef sonder enige skuld vir enige sonde. Christus se een offer het hulle vir altyd van enige sonde-skuld vir die res van hulle lewe losgekoop. (1:4)

Belofte-ouers, nie ouers wat nie sondes doen, nie met sondes sukkel nie, nie ouers wat slawe van sondeskuld is nie, belofte-ouers mag hul kinders as vrygeborenes laat doop. Hulle kinders erf wat hul ouers ook geërf het.

5. Watter ouers mag nie hulle kinders ten doop bring nie?

Belofte-ouers se kinders is belofte kinders

Slawe-ouers mag nie hulle kinders doop nie! Dit stel Paulus met hierdie verklaring: “Maar wat sê die Skrif? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrou wat vry is, erf nie.” Slawe-ouers ma nie hul kinders ten doop bring nie, want hulle is slawe kinders.

Hoekom Hager weggejaag moet word, is sodat haar kind Ismael nie 'n erfgenaam mag wees nie. Slawe-kinders en vry-kinders is nie maar dieselfde en ontvang van God presies dieselfde erfenis nie. Ouers wie nie aan Christus behoort nie, se kinders behoort ook nie aan Christus nie en daarom is beide die ouers en kinders nie ooreenkomstig die verbondsbelofte van God, erfgename van God se liefde en goedheid nie. ((Gal. 3: 29)

Die geloofstryd in die Here se kerk is dat slawe nou probeer keer dat vrygebore kinders gedoop mag word. Dit kom nie net van buite die kerk maar ook van binne die kerk. Volgens hierdie slawe is alle kinders slawe-kinders gebore. Hulle verklaar dat vrygebore kinders van vry-ouers nie gedoop mag word as erfgename van God se liefde en goedheid nie. Hulle glo vrygebore kinders moet eers sondes doen en dan hulle eie sondes met God self regmaak met hulle bekerings, voor hulle gedoop mag word.

Wat is 'n teken dat jy sonde gedoen het en jou sonde reggemaak het met jou bekering? Dit is nie meer 'n teken van vrygebore kinders nie. Dit is 'n slawe brandmerk. Hierdie teken wys jy moet self sondes reg maak met bekerings en omdat jy nooit regte self jou sondes met bekerings kan reg maak nie, is jy vir altyd in die skuld by God, 'n slaaf in sondeskuld, gebrandmerk met 'n teken dat jy altyd 'n slaaf en jou kinders slawe is.

Dit is die ironie! Slawe-ouers wil nie hulle kinders as vrygeborenes laat doop nie maar los hulle om ook eendag die brandmerk van 'n slaaf te kry: 'n bekeringsdoop wat jou vir altyd in skuld voor God stel.

Ons as vry-ouers, vry binne die genade en liefde van God, mag ons kinders ten doop bring om die teken te ontvang van vrygebore kinders. Hulle sal altyd sonder skuld voor God in Christus leef.

Ons mag nooit onder die vakkonddrif van slawe ons kinders los om eendag die slawemerk te moet ontvang nie – 'n bekeringsdoop wat wys jy is altyd weer skuldig en moet altyd weer probeer om jou sondes wee self met bekerings reg te probeer maak, terwyl jy nooit uit die skuld by God só gaan kom nie.

Kom ons doop ons kinders! Vry-ouers, skuldloos voor God in Christus wat vrygebore kinders die teken gee van hulle skuldeloosheid voor God vir altyd in Christus.